# Plankeuse 2021

medihelp
mediese skema

**Voltooi asseblief hierdie vorm in drukskrif en e-pos dit na membership@medihelp.co.za of faks dit na 012 336 9532.**

- U moet hierdie vorm voltooi slegs indien u met ingang van 1 Januarie 2021 na 'n ander plan wil skuif.
- Die sluitingsdatum om ons van u nuwe plan in kennis te stel, is 30 November 2020 vir staatsamptenare (Persal) en 15 Desember 2020 vir ander lede.
- Versoeke wat laat ontvang word, sal **NIE** oorweeg word **NIE**.

## 1. U inligting

**Voltooi asseblief u besonderhede volledig.**

Voorletters en van ______________________ Tel No. (W) Kode ________ No. ____________________

E-posadres ______________________ Tel No. (H) Kode ________ No. ____________________

Lidnommer ☐☐☐☐☐☐☐ Faks No. Kode ________ No. ____________________

ID-/paspoortnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Selnommer ______________________

Woonadres ______________________________________________

Posadres ______________________________________________

## 2. U plan vir 2021

**NB**: Kies asseblief **slegs een** plan.

☐ Plus | Omvattend
☐ Prime 3 | Omvattend
☐ Prime 3 Netwerk | Omvattend
☐ Necesse | Netwerk
☐ Elite | Omvattend
☐ Prime 2 | Spaar
☐ Prime 2 Netwerk | Spaar
☐ Unify | Spaar
☐ Prime 1 | Hospitaalplan
☐ Prime 1 Netwerk | Hospitaalplan

## 3. Aanwending van spaarrekeningfondse

### 3.1 Prime 2, Prime 2 Netwerk en Unify

Dui asseblief u keuse aan. Indien u geen opsie kies nie, sal Medihelp alle kwalifiserende mediese uitgawes uit u spaarrekening betaal:

- Betaal alle kwalifiserende dag-tot-dag- en hospitaalverwante mediese uitgawes uit my spaarrekening. ☐
- Betaal slegs sekere kwalifiserende dag-tot-dag- mediese uitgawes uit my spaarrekening (uitgesluit sekere uitgawes tydens hospitalisasie aangegaan soos bybetalings). ☐

### 3.2 Prime 3, Prime 3 Netwerk en Elite

3.2.1. Indien u Prime 3, Prime 3 Netwerk of Elite kies, sal alle kwalifiserende dag-tot-dag- mediese dienste eers uit u spaarrekening betaal word. Enige spaarrekeningfondse wat u nie in 2021 gebruik nie, sal akkumuleer en sal beskikbaar wees vir die betaling van mediese uitgawes.

3.2.2 Indien u van Prime 2, Prime 2 Netwerk of Unify na Prime 3, Prime 3 Netwerk of Elite skuif, sal alle geakkumuleerde spaarrekeningfondse oorgedra word na u kumulatiewe mediese spaarrekening op Prime 3, Prime 3 Netwerk of Elite.

3.2.3 Indien u in die toekoms geakkumuleerde spaarrekeningfondse beskikbaar sal hê, dui asseblief u keuse aan. Indien u geen opsie kies nie, sal Medihelp alle kwalifiserende mediese uitgawes uit u kumulatiewe spaarrekening betaal:

- Betaal alle kwalifiserende dag-tot-dag- en hospitaalverwante mediese uitgawes uit my kumulatiewe spaarrekening. ☐
- Betaal slegs sekere kwalifiserende dag-tot-dag- mediese uitgawes uit my kumulatiewe spaarrekening (uitgesluit sekere uitgawes tydens hospitalisasie aangegaan soos bybetalings). ☐

## 4. Bruto maandelikse inkomste - slegs Necesse

**Bewys van inkomste moet slegs verskaf word indien die maandelikse inkomste van beide die lid en geregistreerde gade/gesel minder as die hoogste inkomstekategorie beloop, aangesien Medihelp die hoogste van die verklaarde inkomstes sal gebruik om die ledegeldkategorie te bepaal.**

Bruto maandelikse inkomste van die lid ☐☐☐☐☐☐☐ Beroep van die lid ______________________

Bruto maandelikse inkomste van gade/gesel ☐☐☐☐☐☐☐ Beroep van gade/gesel ______________________

**Vir doeleindes van die Necesse-voordeleplan beteken "maandelikse inkomste" die bruto maandelikse inkomste voor enige aftrekkings.**

## 4. Bruto maandelikse inkomste - slegs Necesse (vervolg)

Aanvaarbare bewyse van inkomste

**Belangrik:**

- **Indien geen aanvaarbare bewys van inkomste verskaf word nie, sal u ledegeld volgens die hoogste inkomstekategorie bereken word.**
- **Medihelp kan addisionele bewyse versoek as wat hier genoem word.**
- **Slegs amptelike bankstate waarop die rekeninghouer se voorletters en van voorkom, is aanvaarbaar. Dui asseblief duidelik op die bankstate aan watter betalings (deposito's/transaksies) na u inkomste verwys.**

| | |
|---|---|
| **Beleggingsinkomste:**<br>Hierdie inkomste moet deur alle individue verklaar word, indien van toepassing, en sluit in inkomste uit rente, dividende en huurinkomste.<br>• Brief van ouditeur/rekenmeester/belastingadviseur<br>• Laaste belastingaanslag – ITA34<br>• IT3(a) plus afgelope **drie** maande se bankstate<br>• Huurinkomste – huurooreenkoms en afgelope **drie** maande se bankstate | **Inkomste uit voltydse betrekking:**<br>Bruto maandelikse inkomste sluit alle vorme van vergoeding in, soos basiese salaris, oortyd, kommissie, bonusse, toelaes, byvoordele en eenmalige betalings.<br>• Afgelope **drie** maande se amptelike salarisstrokies<br>• Laaste belastingaanslag – ITA34<br>• IRP5 van die vorige belastingjaar<br>• Afgelope **drie** maande se kommissie- en bankstate waarop kommissie-inbetalings aangedui word<br>• 'n Amptelike aanstellingsbrief van 'n werkgewer wat nie ouer as drie maande is nie, wat die lid se bruto maandelikse inkomste aandui |
| **Pensioenarisse:** (Pensioene, annuïteite)<br>• Laaste belastingaanslag – ITA34<br>• Afgelope **drie** maande se pensioenbetalingsadviese. Indien u minder as drie maande se bewyse het, verskaf asseblief ook die afgelope drie maande se bankstate | **Eie onderneming:** (Inkomste uit beroep/professie, totale inkomste uit onderneming, ongereelde inkomste)<br>• Laaste belastingaanslag – ITA34<br>• Brief van ouditeur/rekenmeester/belastingadviseur<br>• Afgelope **drie** maande se kommissie- en bankstate |
| **Werkloos:**<br>Individue wat geen inkomste uit 'n beroep/professie/onderneming verdien nie, werkloos is, of 'n toelaag ontvang.<br>• WVF-betalings<br>• Afgelope **drie** maande se bankstate | **Werkgewersgroepe:**<br>• Enige van die bewyse van toepassing op individue, soos hierbo genoem |
| **Voltydse studente:**<br>• 'n Kennisgewing of brief ter bevestiging, op die amptelike briefhoof van die geregistreerde tersiêre instelling waar u as voltydse student geregistreer is<br>• Nuwe studente wat die eerste keer registreer: 'n Amptelike brief van aanvaarding vir die spesifieke studiejaar<br>**Voltydse studente wat 26 jaar of ouer is of wat afhanklikes het:**<br>• Bewys van studies asook die afgelope **drie** maande se bankstate | **Inkomste uit trusts:**<br>• Laaste belastingaanslag – ITA 34<br>• Die afgelope drie maande se bankstate wat trust inbetalings aandui |

## 5. Verklaring deur lede wat na 'n netwerkplan skuif (Prime 1 Netwerk, Prime 2 Netwerk, Prime 3 Netwerk en Necesse)

**Ek bevestig dat ek bewus is van die volgende:**

1. Ek sal aanspreeklik wees vir bybetalings indien ek nie Medihelp se hospitaalnetwerk, aangewese diensverskaffers en formulariummedisyne gebruik nie.
2. Ek moet my voorgeskrewe minimum voordele toestande (VMV-toestande) by Medihelp registreer en Medihelp moet my VMV- chroniese medisyne vooraf goedkeur. Medihelp maak gebruik van 'n aangewese diensverskaffer vir VMV- chroniese medisyne en 'n formularium is van toepassing. Ek sal aanspreeklik wees vir 'n bybetaling* op my VMV- chroniese medisyne indien ek versuim om hierdie medisyne by 'n aangewese diensverskaffer te verkry of afwyk van die formularium vir my voordeleplan.
3. Om bybetalings op VMV-behandeling te voorkom, moet my behandelende spesialiste deel wees van Medihelp se spesialisnetwerk.
4. Ek moet Medihelp se hospitaalnetwerk gebruik vir alle beplande hospitaalopnames. Indien daar nie 'n netwerkhospitaal naby my woonplek beskikbaar is nie, moet ek na die naaste netwerkhospitaal reis om mediese dienste daar te bekom. Indien ek 'n hospitaal buite die netwerk gebruik, sal ek aanspreeklik wees vir 'n bybetaling*, tensy die behandeling ten opsigte van 'n nood mediese toestand** is wat die onwillekeurige gebruik van 'n hospitaal buite die netwerk noodsaak. Ek neem voorts kennis dat goedkeuring vir die hospitaal opname in 'n noodgeval op die eerste werkdag na die opname verkry moet word indien ek nie in staat is om goedkeuring op die dag van die opname te kry nie.

***Verwys asseblief na u plan se gids/brosjure vir alle toepaslike bybetalings.**

*** * Verwys asseblief na u plan se gids/brosjure vir die omskrywing van 'n nood mediese toestand.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Handtekening van lid | | Datum | 2 0 j j m m d d |



medihelp
mediese skema